higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

1 April 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

014Q1A2101

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik net ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem SES moontlike gevolge van ’n ongeluk. (6)

1.2 Verduidelik hoe ’n brand in ’n fabriek voorkom kan word. (6)

1.3 Vallende voorwerpe en elektriese skokke is ’n paar van die tipiese voorbeelde van nie-werk-verwante ongelukke. ⌘

Noem SEWE ander tipiese voorbeelde van nie-werk-verwante ongelukke. (7)

1.4 Gee die volle betekenis van PPE soos in die veiligheidsomgewing gebruik. (1)
[20]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die sinne oor industriële arbeidsbetrekkinge deur die korrekte woord/term uit dié tussen hakies te kies. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.11) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 (Welstand/Grief) kan gedefinieer word as enige ongelukkigheid of ontevredenheid met enige aspekte van die organisasie.

2.1.2 (Stakings/Vakbonde) is ’n spontane en besorgde onttrekking van arbeid uit 2.1.3 (die gemeenskap/produksie) om massareaksie deur 2.1.4 (die arbeidsbeweging/onreg) te demonstreer. ⌘

2.1.5 (ANC/FOSATU), die voorloper van COSATU is in 1979 gestig en was die eerste vakbondfederasie wat sedert die vroeë sestigerjare swart werkers verteenwoordig het.

2.1.6 (Wet op basiese diensvoorwaardes/Wet op Beroepsgesondheid) het die Wet op Winkels, Kantore en Fabrieke vervang wat in die vroeë sestigerjare baie aktief was.

2.1.7 (Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid/Wet op Veiligheidsforums) het die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Geboue vervang.

2.1.8 (NEHAWU/COSATU) is in November 1985 gestig.

Afkorting NUM staan vir 2.1.9 (Nasionale Verenigde Lede/Nasionale Mynwerkersvakbond). ⌘

Die regering verklaar 2.1.10 (16 Junie/1 Mei), werkersdag, as ’n openbare vakansiedag 2.1.11 (1989/1999) na druk deur die vakbonde uitgeoefen is. (11)

2.2 Noem VIER dienste wat enige vakbond aan sy lede kan bied. (4)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Bespreek die voordele van ’n kort bevelsorde. (5 × 2) (10)

3.2 Noem VIER voordele van doeltreffende kommunikasie in die werksplek. (4)

3.3 Noem en verduidelik die beginsels van begroting. (4 × 4) (16)

3.4 Noem AGT voordele wat mediese skemas bied. (8)

3.5 Noem SEWE basiese stappe wat jy sal volg wanneer jy geld by ’n OTM onttrek. (7)

[45]

VRAAG 4

4.1 Noem die provinsie waar elk van die volgende amptelike tale die meeste gepraat word:

4.1.1 Afrikaans

4.1.2 Ndebele

4.1.3 Noord-Sotho

4.1.4 Suid-Sotho

4.1.5 Tsonga

4.1.6 Venda

4.1.7 Xhosa

4.1.8 Zoeloe

(8 × 1) (8)

4.2 Watter amptelike taal word as onderrigmiddel in byna alle werksplekke in Suid-Afrika gebruik? (1)

4.3 Noem hoe kandidate behoort aan te trek as hulle na ’n werksonderhoud gaan:

4.3.1 Suzan gaan vir ’n onderhoud as ontvangsdame by ’n plaaslike hospitaal. (4)

4.3.2 Thabo gaan vir ’n onderhoud by ’n motorhandelaar vir ’n posisie as verkoopsman. (4)

4.4 Noem DRIE soorte verhoudings. (3)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou